

Clive Walker en Peter Hinchins bekyk die skedels van swart renosters wat deur wilddiewe in Suid Wes gevang is.

Deur Jane Rose, Trust vir Bedreigde Natuurlewe

"ONS familie is al 60 miljoen jaar op aarde. Ons is groot en grys en weeg gemiddeld so 1 000 kg. Ons het die eienskappe gemeenskaplik aan enige soogdiersoort, hoewel ons bolip 'n bietjie buitengewoon is — dit is 'grypend' of so met 'n haak omdat ons daarvan hou om van bome en struike te eet.

"Ons is Swart Renosters, en wat ons veral besonders maak is die horing wat ons op ons neuse het — hoewel dit nou nie 'n regte horing is nie, dit bestaan uit gekoekte hare en gelatien, amper soos mense se vingernaels.

"Maar dit lyk of ons horings nog ons ondergang sal beteken, want mense glo — heeltemal verkeerdelik — dat dit eienskappe het wat koors kan genees en hulle beter liefdesmaats maak (as dit die geval is, hoekom kou mense dan nie maar net hul naels nie?). Party kerf ons horings in sierlike hewwe vir dolke en sal sommer baie geld betaal om een in die hande te kry.

"Die mens vermoor ons. Sonder om te dink wat hy doen, slag en verwond hy ons, laat ons kalwers alleen hulpeloos, los ons liggame vir die aasvoëls en wurms. Dis ironies dat die horing bedoel is vir beskerming, maar mense gebruik outomatiese gewere, strikke en ander wrede, dodelike wapens. Hy skiet ons uit voertuie en helikopters. Ons staan nie 'n kans nie!

"Lede van ons familie word op vier vastelande aangetref. Daar was op 'n tyd honderde duisende van ons. Vandag is daar nog net 4 500 oor. Ons is op die rand van uitwissing. Gee iemand om? Gee jy om?"

Die swart renosters is net een van die talle spesies in die diere- en planteryk wat vandag al byna uitgesterf het. En al kan mense sulke wonders doen soos om op die maan te loop, harte oor te plant en die pragtigste kunswerke en musiek te skep, is hy — en net hy — verantwoordelik daarvoor dat hierdie spesies se oorlewing in die weegkaal is.

Natuurlik sterf spesies om natuurlike redes uit — meer as 90 persent van alle spesies wat ooit gelewe het, het reeds weer verdwyn — maar die huidige golf van uitwissings veroorsaak deur menslike druk en uitbuiting is na berekening maklik tot 400 keer die natuurlike tempo.

Daar is baie redes vir die afname en agteruitgang van spesies wat op die gevaarlys staan. Die vraag na renosterhoring is een. Onkunde onder private grondeienaars en die algemene publiek is 'n ander. Diere soos die maanhaarjakkals, breëkoparend, Kaapse aasvoël en lammergier word vervolg, doodgemaak en vergiftig omdat daar geglo word hulle vang



*vee en is dus van geen nut vir die mens nie. Maar inderwaarheid bestaan die maanhaarjakkals se dieët byna uitsluitlik uit termiete, die breëkop-arend eet meestal klein soogdiertjies soos knaagdiere wat — as dit nie self beheer word nie — maklik 'n plaag vir boere kan wees, en aasvoëls hou natuurlik die omgewing skoon.*

*Die oorbevolking van planeet Aarde deur die mens is die basiese rede vir al ons omgewingsprobleme. Ons vermoë om lewens te red is bereik ten koste van die lyding wat veroorsaak word deur ons onvermoë om genoeg kos te produseer en die vernietiging van die natuur en natuurlewe.*

*En terwyl planeet Aarde se byna vyf biljoen (5 000 000 000 000!) mense sukkel om genoeg kos te produseer, wat nog te sê huisvesting en klere, word ons natuurlike gebiede en hulpbronne uitgeput. Wilde diere se habitat word al hoe kleiner om plek te maak sodat een spesie kos en klere kan hê — en daardie spesie is die mens, die 'intelligente' wese, die enigste een in staat tot logiese redenasie en oorsponklike denke.*

*Maar terwyl ons sonder dink of omgee die aarde plunder, die lug en water besoedel, al hoe meer grond omploeg, rommel rondstrooi en diere- en plantlewe vernietig, is daar tog baie mense wat omgee. Bedreigde spesies is die simptoom van wanbestuur van die omgewing, en om hulle te red is net een aspek van die reusetaak wat ons het om die skade wat reeds veroorsaak is te herstel en te leer hoe om nie ons heel enigste tuiste te misbruik nie.*

*Jy, as besluitnemer en leier van môre, kan vandag al jou deel doen om nie net die oorlewing van bedreigde spesies te verseker nie, maar ook die oorlewing van die mens self.*

*"Maar wat kan ek doen?" is 'n vraag wat 'n mens dikwels hoor. Wel, jy kan begin deur 'n heel besondere pos te aanvaar en dadelik te begin werk. Sluit aan by die groeiende span Planeetbestuurders — jy het nie matriek of 'n universiteitsgraad nodig nie, en daar is geen onderhoud voor aanstelling nie. Die werk bied geen vermaaktoelae of maatskappymotor nie. Daar is geen salaris nie en die ure is lank, maar aan die einde van die dag is die bevrediging onmeetbaar groot.*

*En as een en elk van ons hierdie uiters verantwoordelike taak aanvaar het, en dit goed doen, sal daar geen spesies meer wees wat deur die mens op die gevaarlys geplaas word nie, want die natuurlike balans sal herstel wees en ons sal in harmonie met die natuur leef en werk.*

*As planeetbestuurder, behels jou 'pligte' onder meer [illegible]de: sluit aan by 'n [illegible]ksie - organisasie [illegible]rust vir Bedreigde [illegible]e (wat pamflette, [illegible]oekies en 'n kwar[illegible]ydskrif Quagga [illegible]ak bewus van die [illegible]edreigings vir die [illegible] skep 'n bewustheid [illegible] bedreigings onder [illegible] en familie, bespaar [illegible]y die gebruik van skadelike chemikalieë, moenie afval rondstrooi nie, ens., ens.*

*Alan Coren het die dwaasheid van ons wanbestuur besef toe hy gesê het, "Die nie nodig om 'n dom dier jammer te kry nie, sy domheid is juis sy redding, maar die arme mens dra die verskriklike las van intelligensie en dit sal hom beslis in die nabye toekoms uitwis. Die katte en die visse sal die laaste lag oor die laaste lyk van die laaste mens — 'As jy dan so slim is, hoekom het jy uitgesterf?'."*

*Kom ons bewys hom verkeerd!* ***T***



***LINKS: Swart rinosters word in die Kruger Wildtuin vrygelaat.***

*● Om meer inligting, skryf asseblief aan die Trust vir Bedreigde Natuurlewe, Privaatsak X11, Parkview 2122.*


MAGAZINE
into the future
MDS
MDS



# CONTENTS

ART DIRECTOR William Letcher EDITOR Lynn Vandenitte CONSULTANTS Freelance Editors


**3: It's All Happening!**
**4: Sounding Out**
**5: How to handle your Teachers**
**6: The Dos and Don'ts of Step Families**
**7: Movies**
**10: 'n Dag in die lewe van . . .**
**11: Cut it Out!**
**12: Fiks!**
**14: Fashion for You**
**16: How will I know if s/he really loves me?**
**18: Sigue Sigue Sputnik: Our Spectacular Special!**
**20: Alison du Colombier solves your beauty problems**
**21: S.A.'s top rugby school**
**22: Make your own**
**24: Gee jy om?**
**26: Take your Tedelex!**
**27: Velprobleme**
**28: Money Matters**
**29: Penpals, Winners, Your Letters**
**30: Short Story**
**32: Agony Auntie**
**34: Dreams**
**35: Byword**
**36: When I am King . . .**


## LYNN'S LETTER

*Hi!*
*When this photo was taken, I was feeling very happy because I had just got married (move over Rob Lowe: you've got competition!). But, now I'm feeling really sad: we're moving to Lusaka, Zambia and that means I won't be able to edit T-Mag anymore.*

*It's been such fun, seeing T-Magazine grow. I've thoroughly enjoyed working on it and, especially, getting to know more about you, all my readers out there: you're a great bunch (all 110 000 of you!).*

*It's interesting to see how South African teenagers are developing their own identity: Britain and the States are not influencing us as much as they did before. Think of our contributions to music and fashion . . . (Talking of fashion, see our article on men's fashion: it's a real knockout!) and BOB-T is right there!*

*We'd like to have your ideas on this — we'll even pay you for them if we print your letter!*

*I'm going to miss you all: I wish you everything of the best. But, remember,* ***never*** *stop raving!*

LYNN

*Cover Photo: Joachim Morgado.*
*Model: Earl Owen.*


**PHOTOGRAPHY:** *Costa Economides, Gottfried Chmelar, Veronica Sive, Arthur Grant, Joachim Morgado.*
*"How will I know if s/he really loves me?" photos were taken in Phonosound, Balfour Park.*
*The aerobic shoot was taken at Exefit Fitness Centre, Sandton.*

**HAIR:** *The Spot, Norwood. Michael Hetem.*

**MAKE-UP:** *Michael Hetem.*

**ILLUSTRATORS:** *William Letcher, Marc and Carol Coetzer.*

**CONTRIBUTORS:** *Henk Botha, Rose Silverthorne.*

**COMPETITIONS:** *Records from EMI. All competitions close on September 15th and entries should be sent to: T-Magazine, Barclays National Ltd., P.O. Box 87404, Houghton, 2041.*

**CLOTHES AND ACCESSORIES:** *Paraphernalia, Killarney Mall: African Magic, Edgars Stores; Nine Big Boys.*

**COLOUR REPRODUCTION:** *Graphco Processing.*

**PRINTING:** *Klem-Lloyd.*


*The opinions expressed in this magazine do not necessarily reflect those held by the Editor, the directors or the management of Barclays National Bank Ltd. The Editor's decision concerning competitions is final and no correspondence will be entered into. All rights reserved. Reproduction without permission is strictly forbidden.*